

DIE DEBAT RONDOM DIE POLITIEK-GRONDWETLIKE POSISIE VAN DIE GEKLEURDES IN DIE ORANJERIVIERKOLONIE, 1900—1910

C J P le Roux

Universiteit Vista, Bloemfonteinkampus

SUMMARY

The debate on the political and constitutional position of the non-whites in the Orange River Colony, 1900—1910

The debate on the non-whites' political and constitutional position after the Anglo-Boer War was important because race relations attracted so much attention in and outside the Orange River Colony. It served as a precursor for the development of the non-white question.

The non-white franchise question was the main issue in white and non-white political circles. The question made its first appearance in the Memorandum of Sir Joseph Chamberlain (Minister for the Colonies) in January 1900. This memorandum extended the franchise to all British subjects in the Colony, thus not only to English and Afrikaans-speaking subjects, but also to those non-whites who had western standards of civilization and lived accordingly.

The proclamation whereby the Orange River Colony was annexed, did not take the place of the old republican law which barred the non-whites from civic rights. This included voting rights on municipal level. Besides this, Article 8 of the Vereeniging Peace Treaty (1902), stipulated that the non-white franchise question was to be considered only after the granting of self-government to the Orange River Colony in 1907.

The eventual outcome was that the ruling Orangia Unie Party (an Afrikaner Party) decidedly refused to grant the vote to non-whites. The majority of municipal councils also refused such rights. The constitution for self-government (1907) made provision for voting rights for whites only. The constitution revealed the dependence of the British government on the Vereeniging Peace Treaty and the support of the Afrikaans-speaking inhabitants for the success of the colony's administration.

The white politicians of the Colony, including the press, declined non-white suffrage on the grounds that the non-whites were politically and educationally not yet ready for civic responsibilities. There was also the danger of being politically overpowered by the Blacks who were in the majority.

The non-white political organisations in the Colony which included at least four black organisations and one Coloured organisation, objected fervently when their petitions to the colonial and the British government in London were turned down. They intended to continue their struggle for political rights after unification in 1910.

Daar was in die jare 1900—1910 in die Oranjerivierkolonie heelwat bespreking en debat oor die politiek-grondwetlike posisie van die gekleurdes, swartes sowel as Kleurlinge, en wat die toekomstige beleid in hierdie verband behoort te wees. Dié debat was belangrik omdat rasverhoudinge in dié jare baie aandag geniet het, binne én buite die kolonie, en was rigtinggewend vir die ontwikkeling van die gekleurde "vraagstuk".

1. Die blanke debat

Die Anglo-Boereoorlog (1899–1902) was nog volstoom aan die gang toe Joseph Chamberlain, Minister van Kolonies, op 10 Januarie 1900 sy memorandum oor die koloniale beleid ten opsigte van gekleurdes en die toekomstige skikking van sake in die Brits-Suid-Afrikaanse kolonies die lig laat sien het. Die vraagstuk van die stemreg van gekleurdes in die Oranjerivierkolonie, is die eerste keer in dié memorandum aangeroer.¹ Beginsels geformuleer deur lord Salisbury, Britse premier en Konserwatiewe Partyleier, het sterk neerslag gevind in die memorandum. Hy het Afrikaans- en Engelssprekendes in die kolonie wat op 24 Mei 1900 geannekseer is, polities op gelyke voet geplaas en bepaal dat stemreg aan alle Britse onderdane in die kolonie verleen sou word. Gevollik sou stemreg ook na die gekleurdes wat aan sekere beskawingsvereistes voldoen het, uitgebrei word. Dit sou op dieselfde wyse as in die Kaapkolonie geskied.²

Goewerneur sir Walter Hely-Hutchinson van die Kaapkolonie het die beginsels in die memorandum van Chamberlain onderskryf, maar die aandag van die Britse regering op die bepalings van die proklamasies waarvolgens die Oranjerivier- en Transvaalkolonie geannekseer is, gevestig. Volgens die proklamasies het die bestaande republikeinse wette van krag gebly totdat hulle deur die Britse goewerneur van die kolonies gewysig word.³ Die republikeinse wette het die gekleurdes van burgerregte soos stem- en eiendomsreg uitgesluit.⁴ Ook wat die munisipale stemreg betref, is gekleurdes, insluitende gekleurdes uit die buiteland soos Asiërs, uitgesluit.⁵ Die enigste uitsondering was kinders uit die wettige huwelik van 'n blanke man en 'n gekleurde vrouw, of 'n gekleurde man en 'n blanke vrouw, dit wil sê kleurlinge, wat ingevolge Ordonnansie 5 van 1876 vaste eiendom besit het.⁶

Sir Alfred Milner, die goewerneur van die Oranjerivier- en Transvaalkolonie, en hoë kommissaris van Suid-Afrika, het met Chamberlain oor die grondwetlike posisie van die gekleurdes in die Oranjerivierkolonie saamgestem. Ook hy het dit onmoontlik gevind om die beginsel in die republikeinse grondwet van die Oranjerivierkolonie, wat ongeveer 230 000 gekleurdes permanent van alle politieke regte uitgesluit het, te onderskryf.⁷ Beskawingspeil moes die toets wees vir die verlenging van burgerregte aan gekleurdes.⁸ Hy het egter die vermanings van premier Hume van Natal en lord Kitchener, naamlik, om nie die standpunte van die blanke taalgroep in die kolonies te verontagsaam nie, ter harte geneem.⁹

Chamberlain Papers (Transvalse Argiefbewaarplek), D/C 25, JC 13/2/1/2, Memorandum on the future settlement of British South Africa, by Joseph Chamberlain, 10.1.1900, pp. 1–7.

2. *Ibid.*
3. *Ibid.*, D/C 25, JC 13/2, 1900–1903. W. Hely-Hutchinson, settlement of South Africa, 30.3.1900, pp. 5, 7, 8 en 13.
4. Vgl. Artikel 10 van Ordonnansie 5 van 1876 in *Ordonnantie-Boek van den O.V.S. 1854–1884*, p. 273 en Artikels A–D, Afdeling 1 van die 1898-O.V.S.-grondwet.
5. Publikasies van die Oranjerivierkolonie (hierna O.R.C.), O.R.C. 65, *Laws of the O.R.C. 1900–1906*, The Municipal Corporations Ordinance, 6 van 1904, Artikels 24 e.v., pp. 1000 e.v. Vgl. ook Artikel 8 van Wet 8 van 1893, in *O.V.S. Wetboek 1892–1899*, p. 31.
6. *Ordonnantie-Boek van den O.V.S. 1854–1884*, Ordonnansie 5 van 1876, Artikels 1–3 en 6, pp. 272–273.
7. Chamberlain Papers, D/C 25, JC 14/4/2/70, Milner — Chamberlain, Februarie 1901 (gee p.); L.E. Neame, *The History of Apartheid* (Londen, 1962), p. 30.
8. G.B. Pyrah, *Imperial Policy and South Africa, 1902–1910* (Oxford, 1955), pp. 94–95.
9. Chamberlain Papers, D/C 25, JC 14/4/2/102, F. Perry aan Chamberlain, 1.5.1901, pp. 6–7; D/C 25, JC 14/4/2/71, Telegram Kitchener aan Staatsekretaris van Oorlog, 22.2.1901 (geen p.); D/C 25, JC 14/4/2/82, Chamberlain aan Milner, 27.2.1901 (geen p.); C. Headlam (red.), *The Milner Papers, II* (Londen, 1963), pp. 311–312; W.B. Worsfold, *Lord Milner's Work in South Africa, 1897–1902* (Londen, 1906), pp. 549–550.

Die sterk standpunt wat die Boereleiers tydens die voorlopige vredesamespreekings soos dié te Middelburg (Transvaal) in 1901 teen politieke regte vir gekleurdes ingeneem het, is uiteindelik ook beliggaam in Artikel 8 van die Vredesooreenkoms van Vereeniging. Dié artikel het bepaal dat die verlening van stemreg aan die gekleurdes eers ná die verlening van selfregering aan die Oranjerivier- (en Transvaalkolonie) beslis sou word.¹⁰ Die artikel was inderdaad so geformuleer dat hulle van stemreg in enige konstitusie wat vir 'n selfregerende kolonie opgestel kon word, uitgesluit was. Dit het ook die kleurlinge gegeld aangesien hulle nie spesifiek uitgesonder is nie. Gevolglik is hulle saam met die swartes oor een kam geskeer.¹¹

Met hierdie opspraakwekkende ooreenkoms het die Britse regering sy humanitaire houding teenoor die gekleurdes versaak en die Boereleiers in staat gestel om 'n klinkende oorwinning te behaal — ten spyte van hulle nederlaag op die slagveld. Milner het homself later verwyt dat hy op só 'n aktuele punt aan die Boereleiers toegegee het, aangesien die regerende party wat in 1907 in die Oranjerivierkolonie ná die verlening van selfbestuur aan bewind gekom het — die Orangia Unie — Boereleiers aan die stuur gehad het wat geen toegewing aan die gekleurdes se politieke eise sou maak nie.¹²

Artikel 7 van die Vereenigingse vredesooreenkoms sou hom in beide die kroonkoloniegrondwet van 1901 en die grondwet vir selfbestuur van 1907 laat geld. Soos blyk uit die bepalings van die kroonkoloniegrondwet van die Oranjerivierkolonie, het Brittanje onderneem om nie stemreg of ander politieke regte aan die gekleurdes te verleen nie. Brittanje het hom tot dié toegewing aan die vredesvoorwaardes van die oorwonnen Boere gedwonge gevoel aangesien hy van hulle steun afhanglik was om sy koloniale beleid te laat slaag.¹³ Artikel XXI(10) het naamlik bepaal dat enige wet wat beperkings op die gekleurdes geplaas het wat nie ook op die blankes van toepassing was nie, eers die goedkeuring van die Britse regering vereis het.¹⁴ By implikasie het dit dus beteken dat diskriminasie teen gekleurdes kon plaasvind indien die Britse regering dit toelaat. Artikel XLI van die 1907-grondwet was in dieselfde trant geformuleer.¹⁵ Artikel IX het die gekleurdes by implikasie van stem- en ander politieke regte onder die grondwet uitgesluit: "Every white male British subject of the age of 21 years and upwards, who is not subject to any of the disqualifications herein-after mentioned, shall be entitled to be registered as a voter, and when so registered to vote at any election of Members of the Legislative Assembly".¹⁶ Algemeen gesproke dus, was daar slegs van blanke verteenwoordiging in beide grondwette sprake. Die Britse regering sou hoogstens op indirekte wyse na die belang van die gekleurdes omsien.

Die Vereenigingse konsensus oor die toekoms van gekleurdes se stemreg in die Oranjerivierkolonie (en Transvaalkolonie) was inderdaad vir die toekoms van gekleurde stemreg in Suid-Afrika beslissend. Die republikeinse noorde het 'n klinkende oorwinning behaal. Hulle het in 1902 die voorwaardes waarvolgens selfregering later verleen sou word, voorgeskryf en in die proses 'n strategiese basis vir toekomstige onderhandelinge met die Britse regering gelê.

10. G.B. Pyrah, *Imperial Policy and South Africa*, p. 92; L.E. Neame, *The History of Apartheid*, p. 27.
11. F.B. Bridgman, 'The Native Franchise in the Union of South Africa' (D.Phil.-proefskrif, University Microfilms, Michigan, 1968), pp. 90—91.
12. L.M. Thompson, *The Unification of South Africa, 1902—1910* (Oxford, 1960), p. 12.
13. Vgl. F.B. Bridgman, 'The Native Franchise in the Union of South Africa', pp. 90—91.
14. A.P. Newton (red.), *Select documents relating to the Unification of South Africa, I* (Londen, 1924), Artikel XXI (10), p. 197.
15. *Ibid.*, II, p. 193.
16. *Ibid.*, II, p. 182.

Die interkoloniale Native Affairs Commission¹⁷ wat gedurende 1903 tot 1905 die vraagstuk van gekleurdes se politieke regte op 'n Suid-Afrikaanse grondslag aangepak het, het in die Oranjerivierkolonie insiggewende getuienis afgeneem. Dit het getoon dat die openbare mening, soos dit uitdrukking gevind het in die republikeinse wetgewing, nog geskoei was op die Voortrekkeridee van 'n bevoorregte blanke gemeenskap. Hulle was in sigself demokraties, maar duidelik dominerend oor die gekleurdes, met geen politieke vooruitsigte vir hulle nie.¹⁸



*Sir Hamilton J. Goold-Adams, goewerneur van die
Oranjerivierkolonie*

(VRYSTAATSE ARGIEFBEWAARPLEK)

Drie vooraanstaande politici van die kolonie, J G Fraser, C H Wessels en C H Meiring, het gewys op die gevaar vir blanke identiteit indien stemreg algemeen aan die gekleurdes verleen word.¹⁹ In daardie geval sou die getalsoorwig van die swartes — 229 149 teenoor 142 679 blankes in 1904 — 'n swart regering onvermydelik maak.²⁰ Die swartes wat 87 000 meer as die blankes getel het, het in hulle verhouding tot die blankes byna oorheersend gestaan. Daarom was die verteenwoordiging van gekleurdes se belangte deur blankes volgens J.G. Fraser die aangewese middel om die gevaar van swart oorheersing af te weer.²¹ Dit het vanself gespreek dat 'n politikus van die noordelike kolonies wat enige vorm van politieke verteenwoordiging vir die gekleurdes in die sentrale of plaaslike besture verkondig het, sy loopbaan in gevaar gestel het.

Algemeen gesproke het die aanbevelings van die kommissie uiteindelik daarop neergekom dat die politieke verhoudinge tussen blank en gekleurde op 'n rasgedifferensieerde grondslag moes geskied.²² Die afkerigheid van politieke en sosiale gelykheid met die ge-

17. Die bekende Lagden-kommissie, 1903—1905.
18. Publikasies van die Interkoloniale Raad in Vrystaatse Argiefbewaarplek (hierna I.C.C.), I.C.C. 5, *S.A. Native Affairs Commission Minutes, 1903—1905*, pp. 157—179; Argief van Koloniale Sekretaris in Vrystaatse Argiefbewaarplek (hierna C.O.), C.O. 32, lêernr. 1636/01, Dean, Bloemfontein — Minister van Kolonies, 18.5.1901.
19. I.C.C. 4, *S.A. Native Affairs Commission Minutes, 1903—1905*, pp. 275 en 284—285.
20. *Census Report of the O.R.C.*, 17.4.1904, General Report with annexures, p. 3, tabel i.
21. I.C.C. 4, *S.A. Native Affairs Commission Minutes, 1903—1905*, pp. 275 en 284—285.
22. N.J. Rhoodie, *Apartheid en Partnership* (Pretoria, 1966), p. 21.

kleurdes het nie soseer met die Boer-Britverdeling verband gehou nie, maar is deur getuies van die South African Native Affairs Commission aan die rasse-instink van die Blanke in die algemeen gewyt.²³

Die pers in die Oranjerivierkolonie het die stemregaanbevelings van die kommissie heftig gekritiseer. Die aanbeveling dat gekleurde kiesers in afsonderlike verkiesings vir blanke parlementêre verteenwoordigers moes stem, het ekstremiste aan beide kante nie tevreden gestel nie. Die blanke politieke partye het daarop aangedring dat die wydste moontlike interpretasie aan Artikel 8 van die Vereenigingse vredesooreenkoms geheg moes word, naamlik om die verlening of nie-verlening van stemreg aan die gekleurdes, aan die koloniale regering vir uitsluisel oor te laat.²⁴

In beide *The Friend* en *The Bloemfontein Post* is die mening gelug dat die gekleurdes met verloop van tyd tot die aanvaarding van volle burgerskapsregte opgevoed behoort te word. Die blote toepassing van die beginsel van gelyke regte aan alle beskaafde mense soos deur Milner verkondig, was nie aanvaarbaar nie. Gekleurdes wat aan sekere eiendoms- en onderwyskwalifikasies voldoen het, was nie noodwendig beskaaf genoeg om burgerregte op Westerse wyse uit te oefen nie.²⁵ In navolging van die Glen Grey-stelsel moes hulle politieke ervaring in hulle eie raadskamers in die plaaslike swart woonbuurtes opdoen en selfs verteenwoordigers in adviserende hoedanigheid na die blanke parlement stuur sodat hulle uiteindelik vir stemreg en sittingsreg in die blanke parlement kon kwalifiseer.²⁶ Die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat die grootste blanke aanhang in die kolonie gehad het, het hom by die algemene blanke standpunt aangesluit.²⁷

Gedurende die jare 1904 tot 1907 toe die Oranjerivierkolonie selfbestuur ontvang het, het die debat oor die politiek-grondwetlike posisie van die gekleurdes meer intens geword. Die blankes het in 1904 polities begin organiseer met die oog op die verwagte verlening van verteenwoordigende bestuur. Politieke leiers het nou weer nadruk op die bepaling van Artikel 8 van die Vereenigingse vredesooreenkoms gelê. Daar is veral aangevoer dat die woord "natives" in Artikel 8, ook die kleurlinge ingesluit het en dat alle gekleurdes dus van die stemreg uitgesluit was.²⁸ Aangesien die kwessie van kleurlingstemreg nie by die Vereenigingse vredesonderhandelinge ter sprake gekom het nie, het dit die Boereleiers nou vrygestaan om aan te voer dat die woord "native" alle gekleurdes, ook kleurlinge en Asiërs, ingesluit het.²⁹

'n Verteenwoordigende afvaardiging, bestaande uit die burgemeester van Bloemfontein en twee stadsraadslede, die voorstitter en lede van die Orangia Unie sowel as die handelskamer, het met die steun van die pers die luitenant-goewerneur in 1906 ook onomwonne meegedeel dat die begrip "native" in die algemeen en in registerme nog altyd alle

23. *The Bloemfontein Post*, 5.8.1904, Hoofartikel, en 25.8.1904, Hoofartikel.

24. *De Vriend des Volks*, 27.7.1906, Hoofartikel. Vgl. ook C.O. 666, lêernr. 2899/06, Goold-Adams aan Onderminister van Kolonies, 28.11.1906, pp. 1–3; L.M. Thompson, *The Unification of South Africa*, p. 117.

25. *The Friend*, 21.1.1905, Hoofartikel; *The Bloemfontein Post*, 1.4.1905; Sien ook *The Bloemfontein Post*, 26.1.1907 en "Free Lance": Colour Franchise in South Africa, in *The S.A. Magazine*, Dec. 1906, pp. 181–182.

26. *The Bloemfontein Post*, 14.1.1905.

27. N.G. Kerk in S.A. (red.), *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat en die Naturelle-vraagstuk* (Bloemfontein, 1929), p. 24.

28. *The Bloemfontein Post*, 31.3.1906 en 14.1.1905; J.S. Marais, *The Cape Coloured People, 1652–1937* (Johannesburg, 1962), pp. 277–278.

29. *The Friend*, 16.7.1906.

gekleurdes, swartes sowel as kleurlinge, ingesluit het.³⁰ Die afvaardiging het beswaar gemaak teen die verklaring van Milner dat die kleurlinge as 'n groep afsonderlik van die swartes, stemreg behoort te ontvang. Lord Selborne wat Milner as hoë kommissaris in Brits-Suid-Afrika opgevolg het, het dit as dwaasheid beskou om die kleurlinge by die swartes te klassifiseer en in die proses die kleurlinge, wat 'n natuurlike simpatie met en verbondeheid aan die blankes gevoel het, van laasgenoemde te vervreem.³¹ Die gevaaar het natuurlik bestaan dat die kleurlinge in die arms van die swartes gedryf kon word indien volhard word om hulle stemreg saam met die blankes in die sentrale regering te ontsê.³² Op munisipale vlak het enkele kleurlinge wat aan sekere wetlike vereistes voldoen het, wel oor stemreg beskik, maar daarvan het in die praktyk weinig tereg gekom.³³

Luitenant-goewerneur Goold-Adams het in 1906 die mening teenoor hoë kommissaris Selborne uitgespreek dat gekleurde eise vir stemreg slegs afgeweер kon word indien hulle indirekte verteenwoordiging op die munisipale en lokasierade verleen word. Dit kon dan terselfdertyd as 'n voorbereidende stap vir die verlening van stemreg aan die gekleurdes in die sentrale regering dien.³⁴ Die ontwerpordonnansie, Coloured Persons Representative (Municipal) Ordinance, wat in Desember 1906 in die *Staatskoerant* gepubliseer is en indirekte verteenwoordiging aan gekleurdes op munisipale rade verleen het, het egter, vanweë die oorweldigende teenkanting van die stadsrade, nooit wet geword nie.³⁵

Die pers het die munisipaliteit van die kolonie kwalik geneem dat hulle nie die wetsontwerp grondiger bespreek het nie, veral in die lig van die feit dat die beoogde wetgewing nie stemreg vir die gekleurdes bepleit het nie, maar bloot 'n blanke persoon om gekleurdes se belang te verteenwoordig.³⁶ Maar die pers was 'n stem roepende in die woestyn, aangesien selfs Milner dit nie oorweeg het om tot só 'n stap oor te gaan nie: "...the feeling of the whole white community was so strongly against extending the municipal franchise to aliens and coloured persons that (he) did not feel justified in forcing upon the white population a principle repudiated no less by the British inhabitants than by the Dutch."³⁷

2. Die debat onder gekleurdes

Gedurende die voorafgaande republikeinse tydperk het die blankes nooit met enige gekleurde agitasie vir groter politieke, ekonomiese of maatskaplike regte te doen gekry nie, omdat die verhouding tussen blank en gekleur toe nog hoofsaaklik om 'n landelike

30. *De Vriend des Volks*, 27.7.1906, Hoofartikel; *The Friend*, 24.7.1906 en 25.7.1906, Hoofartikel; Vgl. ook Mikrofilms van dokumente van Public Record Office, Londen in Vrystaatse Argiefbewaarplek (hierna P.R.O.), P.R.O. mikrofilm A.181, C.O. 224/21, doknr. 27486/06, Selborne — Elgin, 26.7.1906, pp. 58—59.
The Friend, 2.3.1909, Hoofartikel.
31. F.W. Bell, The Native as a political factor and the Native franchise in *Native Affairs Society* (Johannesburg, 1908), pp. 2—3.
32. Vgl. *Ordonnantie-Boek van den O.V.S. 1854—1884*, Ordonnansie 5 van 1876, Artikels 1—3 en 6, pp. 272—273. Sien ook O.R.C. 65, *Laws of the O.R.C. 1900—1906*, The Municipal Corporations Ordinance, 6 van 1904, Artikel 32(c).
34. C.O. 673, lêernr. 3106/06, Goold-Adams aan Selborne, 13.8.1906; C.O. 653, lêernr. 2606/06, Petition Vigilance Committee, 23.6.1906, pp. 17—18.
35. C.O. 715, lêernr. 4077/06, J. Lategan — Koloniale Sekretaris, 14.1.1907 en Koloniale Sekretaris — Luitenant-goewerneur, 21.2.1907; *The Friend*, 19.1.1907. Sien ook O.R.C. 11, *Debates of the Legislative Council*, 23.2.1907, p. 66.
36. *De Vriend des Volks*, 21.1.1907, Hoofartikel; *The Bloemfontein Post*, 19.1.1907, Hoofartikel.
37. C. Headlam (red.), *The Milner Papers*, II, p. 466.

arbeidsvraagstuk gesentreer het. Dit was trouens ook die geval in die ander Suid-Afrikaanse gebiede.³⁸ Die Anglo-Boereoorlog, 1899–1902, het die politieke aspirasies van die gekleurdes na die oppervlak gebring. Nie-blanke leiers wat hoofsaaklik sendinggeskool en verstedelik was, het die seëvierende Britse militêre magte as hulle bevryder van die Boerejuk gesien.³⁹

Gekleurde politieke organisasies het nou te voorskyn getree, met politieke regte as een van hulle hoofogmerke.⁴⁰ Die doel van die organisasies het duidelik uit Artikel 11 van die hersiene grondwet van die O.R.C. Native Association gespreek: "... to further the interests of His Majesty's native subjects in this Colony materially, socially, politically and religiously."⁴¹ Artikel 8 van die Vereenigingse vredesooreenkoms, waarna reeds verwys is, sou die gekleurde leiers egter spoedig laat besef dat hulle politieke toekoms met dorings besaai is.

Die munisipale wette en daarmee gepaardgaande kwessie van munisipale stemreg was een van die grootste grieve van die gekleurdes. Vier swart organisasies, naamlik die O.R.C. Native Congress, die sogenaamde His Majesty's Loyal Native Subjects in the Orange River Colony, die Native Vigilance Committee en die sogenaamde Petition of Loyal Subjects of His Majesty Edward VII, het 'n beroep op die regering gedoen om aan gekleurdes stemreg in die munisipale rade van die kolonie te verleen, aangesien hulle, soos in die Kaapkolonie, munisipale belastings betaal het en volgens die reëls en vereistes van die blanke beskawing geleef het.⁴² Ook die African Political Organisation wat hoofsaaklik die kleurlinge verteenwoordig het, het nou tot die stemregarena toegetree.⁴³

So vroeg as Maart 1902 het die Native Committee onder sy leier, J.D. Goronyane wat die Barolong van die Thaba Nchu- en Bloemfontein distrik verteenwoordig het, in 'n petisie die aandag van luitenant-goewerneur Goold-Adams daarop gevvestig dat die gekleurdes ook geen verteenwoordiging in die sentrale regering gehad het nie, nie deur middel van blanke of gekleurdes nie. Hulle het aangevoer dat daar honderde gekleurdes met kennis en ervaring van die regte van Britse onderdane was. Hulle was sendinggeskoolde gekleurdes en lojaal aan die Britse regering.⁴⁴

Goold-Adams het die Barolongverteenvoerdigers se aandag gevvestig op die feit dat

Vgl. H.J. van Aswegen, 'Die Verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die O.V.S. 1854–1902', in *Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis*, 1971, 1, pp. 376 e.v.

39. *Ibid.*, hoofstuk 1.
40. Vir 'n breedvoerige oorsig van die sammestelling en optrede van dié organisasies, vgl. C.J.P. le Roux, *Die Verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranjerivierkolonie 1900–1910* (Ongepubliseerde D.Phil.-proefschrift, R.A.U., 1980), hoofstuk 2–4.
C.O. 886, lêernr. 667/1908–1910, Revised Constitution O.R.C. Native Association, 22.10.1907, p. 1.
P.R.O. mikrofilm A.183, C.O. 224/22, doknr. 9609/06, D.W. Drew – J. Bryce, 19.2.1906, pp. 396–397; Argief van Native Affairs Branch in Vrystaatse Argiefbewaarplek (hierna N.A.B.), N.A.B. 10, lêernr. 180/06, P.H. Gresson – Q. Dickson, 24.3.1906, pp. 1–3; C.O. 653, lêernr. 2606/06, Petition Native Vigilance Committee — The King (ongedateer); P.R.O. mikrofilm A.181, C.O. 224/21, doknr. 38685/06, Selborne – Elgin, 1.10.1906, p. 344 (Petition loyal Subjects of His Majesty Edward VII).
- The Bloemfontein Post*, 31.3.1906; J.S. Marais, *The Cape Coloured People*, 1652–1937, p. 278. Sien ook E. Hellman, e.a. (red.), *Handbook on Race Relations in South Africa* (Kaapstad, 1949), pp. 522–523, vir die politieke geskiedenis van die Kleurlinge in die Kaapkolonie voor die Anglo-Boereoorlog 1899–1902.
44. Argief van Goewerneur in Transvaalse Argiefbewaarplek (hierna T.G.), T.G. 373, lêernr. 53. Goold-Adams — Administrateur (Petitions Native Population O.R.C.), 18.3.1902, p. 1; Milner Papers (Fotokopieë van oorspronklike dokumente in New College, Oxford), F.K.1053, Petisie J.D. Goronyane aan Resident-magistraat Thaba Nchu, 22.7.1902, p. 156.

die Oranjerivierkolonie op daardie stadium 'n kroonkolonie was. Daar sou dus vir 'n geruime tyd nie 'n verkose vergadering wees nie. Intussen het dit hulle vrygestaan om, soos die praktyk onder die vroeëre republikeinse bewind was, hulle versoek en griewe deur middel van petisies en afvaardigings onder die aandag van die regering te bring. Dit is in die verlede al bewys as 'n doeltreffende vorm van belangverteenvoordiging in die regering.⁴⁵ Van die verskering van Goold-Adams, naamlik dat wanneer die geleentheid hom voordoen, daardie gekleurdes wat aan sekere beskawingsvereistes voldoen het, vir stemreg sou kwalifiseer, het in die praktyk niets tereg gekom nie. Dié voldonge feit het 'n jaar later, in Maart 1903 tot die gekleurdes begin deurdring toe Joseph Chamberlain, Minister van Kolonies, 'n afvaardiging van die sogenaamde "white and coloured races" van die Oranjerivier- en Transvaalkolonie in Kaapstad te woord gestaan het.⁴⁶ Soos die Native Committee van die Barolong, het hulle ook op politieke gelykstelling met die blankes aangedring aangesien die gekleurdes van die Kaapkolonie politieke gelykstelling geniet het. Chamberlain was egter nie by magte om aan hulle enige konkrete beloftes te maak nie aangesien die vraagstuk van gekleurdes se politieke regte volgens Artikel 8 van die Vereenigingse vredesooreenkoms by die blankes van die twee kolonies berus het.⁴⁷

As gevolg van die negatiewe houding wat die blankes teenoor gekleurdes se politieke eise ingeneem het, was daar teen 1905 oor die hele Suid-Afrika organisasies en petisies en ander kwasi-grondwetlike demonstrasies met die oënskynlike doel om die gekleurdes van die wetlike beperkings op stemreg te onthef.⁴⁸ Gedurende die eerste helfte van 1906, 'n jaar voordat selfregering aan die Oranjerivierkolonie verleen is, het daar van minstens twee swart politieke organisasies, te wete die O.R.C. Native Congress, die O.R.C. Native Association en die genoemde "His Majesty's Loyal Native Subjects" ernstige beroepe na sowel die regering van die Oranjerivierkolonie as die imperiale regering uitgegaan om die gekleurdes verteenwoordiging in die sentrale regering van die kolonie te gee. Hulle was bereid om deur blankes soos D.W. Drew, die redakteur van *The Friend*, en 'n bekende kampvechter van gekleurdes se belang, in die sentrale regering verteenwoordig te word.⁴⁹ Die O.R.C. Native Congress het geredeneer dat verhoudinge tussen blank en nie-blank in die toekoms baie sou verbeter indien hulle later in staat gestel word om gekleurdes vir die blanke parlement te kies.⁵⁰

Dat die politieke toekoms van die gekleurdes nie so rooskleurig was nie, het weer eens geblyk uit die antwoord van die koloniale kantoor op hulle petisies vir stemreg in die komende verantwoordelike regering wat in 1907 ingestel sou word. Die gekleurdes se organisasies is meegegee dat, net soos die geval met die Transvaalkolonie was, dit in die

T.G. 373, lêernr. 53, Goold-Adams — Administrateur [Reply Deputy Administrator to Native Committee], 18.3.1902, pp. 4—5.

46. *The Friend*, 3.3.1903.

47. *Ibid.*

48. *Die Bloemfontein Post*, 3.5.1905, Hoofartikel en 5.5.19005, Hoofartikel.

49. P.R.O. mikrofilm A.183, C.O. 224/22, doknr. 9609/06, D.W. Drew — J. Bryce, pp. 396—397; C.O. 653, lêernr. 2606/06, Petisie Vigilance Committee, 23.6.1906, pp. 1—6; C.O. 886, lêernr. 667/1908—1910, Revised Constitution of O.R.C. Native Association, 22.10.1907, pp. 1—2; Argief van Goewerneur in Vrystaatse Argiefbewaarplek (hierna G.), G. 27, lêernr. 183, Revised Constitution O.R.C. Native Vigilance Association (ongedateer); pp. 30—34; P.R.O. mikrofilm A.181, C.O. 224/21, doknr. 38685/06, Petition loyal Native Subjects of His Majesty Edward VII (Selborne aan Elgin, 1.10.1906), p. 344; Argief van Hoë Kommissaris in Transvaalse Argiefbewaarplek (hierna H.K.), H.K. 128, lêernr. 35/5/1907, Goold-Adams — Elgin, 18.11.1907.

50. P.R.O. mikrofilm A.183, C.O. 224/22, doknr. 9609/06, D.W. Drew — J. Bryce, 19.2.1906, p. 396.

lig van Artikel 8 van die Vereenigingse vredesooreenkoms, nie moontlik was om in die konstitusie vir verantwoordelike bestuur vir die verteenwoordiging van gekleurdes in die sentrale regering voorsiening te maak nie.⁵¹ Luitenant-goewerneur Goold-Adams het die koloniale kantoor geadviseer dat stemreg vir gekleurdes in die kolonie se regeringslig-game, nooit deur die blankes goedgekeur sou word nie. Só 'n stap was in elk geval ook teenstrydig met genoemde Artikel 8.⁵²

Die gekleurde organisasies was teleurgesteld oor die negatiewe houding van die imperiale regering: "The Native Congress ... feels called upon to record its deep regret at the apparent decline of British views in the treatment of the Native Question from those high standards which were once the pride and the crown and the glory of British statesmanship".⁵³ Die organisasie het ook die Oranjerivierkolonie beskuldig dat hy die vetoreg van die imperiale regering oor koloniale aangeleenthede, wat so 'n belangrike rol in die verhouding van die gekleurdes tot die imperiale regering gespeel het, oor die hoof gesien het.⁵⁴

Teen 1907, op die vooraand van selfregering vir die Oranjerivierkolonie, was dit duidelik dat die standpunt van die blanke inwoners van die kolonie in die formulering van die beleid ten opsigte van gekleurdes, by die Britse regering voorkeur geniet het. Die Britse regering het 'n toegeeflike houding teenoor die blanke koloniste ten koste van die gekleurdes ingeneem, nie slegs omdat Artikel 8 dit genoodsaak het nie, maar ook omdat die Britse regering waarskynlik besef het dat die sukses van die koloniale regering van die blankes se samewerking afhanglik was. Selfs die feit dat die goeie verhoudinge tussen blank en gekleurde in die kolonie benadeel kon word, het die Britse regering nie van sy ingenome standpunt laat afsien nie.

Die grondwet van 1907 waardeur selfbestuur aan die Oranjerivierkolonie verleen is, het die gekleurde politieke organisasies opnuut aangespoor. Die Britse regering was egter bewus van die feit dat die gekleurdes nie stemreg kon ontvang sonder om Artikel 8 van die Vredesooreenkoms van Vereeniging te verbreek nie. Sekere klousules is daarom in die grondwet opgeneem om hulle belang te beskerm.⁵⁵ Alle wetgewing oor gekleurdes is byvoorbeeld vir die goedkeuring van die Britse regering gereserveer.⁵⁶

3. Unie of federasie

Die vraagstuk van gekleurdes se stemreg het na 1907 in die debat om die unifikasie of federasie van die Brits-Suid-Afrikaanse kolonies, weer eens sentraal gestaan. In die Oranjerivierkolonie het blanke en gekleurde politieke leiers sowel as die pers met oorgawe aan die debat deelgeneem. Elkeen het 'n oortuigende mening oor die aangeleentheid nagehou.

Die leiers van die regerende Oranja Unie in die Oranjerivierkolonie, Abraham Fischer (premier), en genls. J B M Hertzog en C R de Wet, was almal uitgesproke aanhangers van rassedifferensiasie. Hulle sou geen politieke gelykstelling tussen blank en gekleurde in

51. C.O. 666, lêernr. 2899/06, Goold-Adams – Onderminister van Kolonies, 28.11.1906, pp. 1–3 en Elgin aan Selborne, 1.2.1907.

52. *Ibid.*

53. Argief van Government House in Kaapse Argiefbewaarplek (hierna G.H.), G.H. 35/85, Resolutions of S.A. Native Congress, 10.4.1906 (Dokument: Extract of Resolution A, B, The Native Question).

54. *Ibid.*

55. Sien ook voetnoot 8 tot 10.

56. Vgl. A.P. Newton, *Select documents relating to the Unification of S.A., II*, Artikel XLI, p. 193.

'n unie of 'n federasie duld nie.⁵⁷ Die Boereleiers het die bestaande vetoreg van die Britse regering op die koloniale wetgewing rakende gekleurdes as 'n struikelblok op die weg na 'n unie of 'n federasie gesien. Só 'n vetoreg het 'n mosie van wantroue in die koloniale bestuur van gekleurde aangeleenthede geïmpliseer.⁵⁸ Die uitdruklike teenkanting teen gekleurde stemreg of die grondwetlike erkenning daarvan, het duidelik geblyk uit die standpunte van die noordelike kolonies — die Oranjerivier-, Transvaal- en Natalkolonie. Soos bekend, was die hoofvoorstanders van die suidelike (Kaapse) standpunt, oortuigde "liberals" wat geen wetlike kleurskeidslyn in die voorgestelde unie of die diskwalifisering van die Kaapse en Nataliese nie-blanke kiesers wou hê nie.⁵⁹

Die Nasionale Konvensie wat 'n uniale wetsontwerp moes formuleer, het oor die vraagstuk van stemreg vir gekleurdes byna op die rotse geloop. Premier Abraham Fischer en genl. J C Smuts van die Transvaalkolonie het die situasie gered met hulle voorstelle dat die Kaapkolonie se gekleurde stemreg onveranderd gelaat moes word en om die Unieparlement toe te laat om die vraagstuk op te los.⁶⁰ Dit was immers ook die strekking van Artikel 8 van die Vereenigingse vredesooreenkoms. 'n Voorstel dat die Kaapse kieswet slegs deur 'n twee derde-meerderheid van die twee huise in 'n gesamentlike sitting gewysig kon word, is ook aanvaar.⁶¹ Die Wetgewende Vergadering van die Oranjerivierkolonie het dié voorstelle goedgekeur.⁶²

Die pers in die Oranjerivierkolonie het die uitslag van die debat oor gekleurde stemreg in die komende uniale bedeling verwelkom. *The Bloemfontein Post* was egter teleurgesteld oor die verskansing van die Kaapse gekleurde stem deur 'n twee derde-meerderheid in die Unieparlement, aangesien dié maatreël die afskaffing van die gekleurde stemreg in die toekoms byna onmoontlik gemaak het.⁶³ Die koerant het maar weer gesinspeel op die vrees dat die Kaapse gekleurde stem na die noordelike republikeinsgeoriënteerde kolonies kon uitbrei en daar die oorhand kry.

Die reaksie van beide premier Fischer en genl. Hertzog, en ondersteun deur oud-president M T Steyn, was dat die kwessie van verskansing nie so 'n permanente reëling was nie aangesien daar binne die volgende 100 jaar in elk geval nuwe grondwetlike oplossings vir die kleurvraagstuk sou wees.⁶⁴ Soos Fischer ook tereg verklaar het, kon die blankes in die Suid-Afrikaanse kolonies dalk nie imperiale goedkeuring vir die ontwerpgrondwet verkry indien hulle nie die Kaapse gekleurde stemreg aanvaar het nie.⁶⁵

Gedurende die bespreking van die ontwerp-wet van die Unie van Suid-Afrika deur die blankes van die Suid-Afrikaanse kolonies, het rassevooroordeel, propaganda en agita-

-
57. A.H. Marais, *Die Ontstaan en Ontwikkeling van Partypolitiek in die Oranjerivier-Kolonie 1902–1907* (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.O.V.S., 1966), p. 140. Sien ook D.S. Jacobs, *Abraham Fischer in sy tydperk, 1850–1913*, in *Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis*, 1965, II, pp. 372–373.
58. *Ibid.*, pp. 140–141; *The Friend*, 17.6.1908 en 23.6.1908.
59. Vir die stapte op weg na unifikasie vgl. E.A. Walker (red.), *The Cambridge History of the British Empire*, VIII (Londen, 1963).
60. D.J.P. Haasbroek, 'Die Ontstaan van die Nie-Blanke Stemreg en die verskansing daarvan in die Suid-Afrikawet van 1909' (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Stellenbosch, 1957), pp. 164–166.
61. *Ibid.*, p. 167.
62. S.F. Malan, *Die rol van J.G. Fraser in die Vrystaat 1863–1927* (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.O.V.S., 1971), p. 315.
63. *The Friend*, 1.4.1909, Hoofartikel; *The Bloemfontein Post*, 11.2.1909, Hoofartikel.
64. O.R.C. 29, *Debates Legislative Assembly*, 1.4.1909, pp. 23–24.
65. *The Friend*, 10.2.1909, Hoofartikel, en 16.2.1909, Hoofartikel; *The Bloemfontein Post*, 10.2.1909, Hoofartikel.

sie van die kant van beide blank en gekleurde geleentheid gekry om hoogty te vier. Die Kleurlinge en swartes van die Oranjerivierkolonie was net so uitgesproke soos die blankes oor hulle politiek-grondwetlike posisie in die komende uniale bedeling.

Die nie-blankes was ten gunste van federasie omdat 'n federale grondwet elke kolonie in staat gestel het om beheer oor sy eie sake te behou, gedagtg aan sake van gekleurdes in besonder. Die gekleurdes in die Kaapkolonie sou dan byvoorbeeld van die behoud van hulle bestaande politieke regte verseker wees.⁶⁶

Gedurende Maart 1909, nadat die ontwerp-grondwet vir 'n unie bekend geword het en enkele dae voor dat die wet in die koloniale parlemente bespreek sou word, het die gekleurde politieke organisasies van die geleentheid gebruik gemaak om die Nasionale Konvensie en die bepalings van die wetsontwerp heftig te kritiseer. Die African Political Organisation het by monde van sy kleurlingvoorsitter van die Oranjerivierkolonie-tak, A J Maasdorp, nie veel hoop gekoester dat die gekleurde stemregvoordele van die Kaapkolonie na die noordelike kolonies uitgebrei sou word nie vanweë die algemene teenkanting van die blankes. Tydens 'n vergadering gehou op 13 Maart 1909 in Waaihoek by Bloemfontein is besluit om met die ander gekleurde organisasies teen die blanke onderdrukking van hulle politieke aspirasies kragte te smee.⁶⁷

Die swart politieke organisasies het in die voetspore van die African Political Organisation gevolg. Die Becoana Mutual Association wat daarop aanspraak gemaak het dat hy ongeveer 25 000 gekleurdes van Thaba Nchu en omgewing verteenwoordig het, het te velde getrek teen Artikels 25 en 44 van die ontwerp-wet. Dit was dié artikels wat die gekleurdes van die noordelike kolonies verhinder het om hulle stemreg in die Unieparlement uit te oefen en lede van die parlement te word.⁶⁸ Dié organisasie het op sy vergadering in Maart 1909 besluit om die Britse regering te versoek om die diskriminerende bepalings te wysig.⁶⁹

Al die verskillende gekleurde organisasies en verenigings van Suid-Afrika en Betsjoeanaland was op die vergadering van die South African Native Convention wat van 24–26 Maart 1909 in Waaihoek vergader het, teenwoordig gewees. Die doel van die konvensie was om die posisie van die gekleurde, soos in die ontwerp-Suid-Afrikawet vervat, te bespreek. Die voorsitter was ds. Joel Goronyane van Thaba Nchu.⁷⁰ Die betekenis van die konvensie was dat dit die eerste in die geskiedenis van Suid-Afrika was waar gekleurde afgevaardigdes uit al vier kolonies teenwoordig was. Dit het getoon dat die gekleurdes van Suid-Afrika tot verenigde optrede in staat was, 'n posisie waarin die blankes van Suid-Afrika op die voorraad van unifikasie skynbaar nog nie was nie.⁷¹

Die South African Native Convention het die volgende resolusies eenparig aanvaar:

1. Die beginsel van 'n unie van Suid-Afrika en die noodsaaklikheid van só 'n unie vir die vooruitgang van al die kolonies en hulle Britse onderdane is erken.
2. Die imperiale regering was gebonde om aan die gekleurdes dieselfde mate van gerechtigheid en konsiderasie as aan die blankes te verleen.

66. *The Friend*, 29.11.1907; *De Vriend des Volks*, 3.12.1907.

67. *The Friend*, 29.11.1907 en 18.3.1909.

68. C.O. 908, lêernr. 826/14/1908—1910, Goold-Adams aan Crew (Resolution Meeting Becoana Mutual Association), 7.6.1909, pp. 1—4.

69. *Ibid.*

70. *The Friend*, 25.3.1909; *The Bloemfontein Post*, 26.3.1909 en 27.3.1909.

71. *The Friend*, 25.3.1909.

3. 'n Kleurskeidslyn 'colour bar' in die ontwerp-Suid-Afrikawet is streng afgekeur.
4. Artikel 8 van die Vrede van Vereeniging het 'n oop deur vir die verlening van stemreg aan gekleurdes gelaat.⁷²

In sy toespraak het D W Drew, wat as gasspreker opgetree het, die aandag van die gekleurdes gevestig op die vier senatore waarvoor die ontwerp-Suid-Afrikawet voorsiening gemaak het om hulle belang, onafhanklik van die regering of blanke politici, te behartig. Joel Goronyane se antwoord was: "He did not adopt the principle of accepting the half loaf"⁷³ Hulle sou nie langer op die blankes wag om hulle politieke posisie te verbeter nie, maar voortgaan om op konstitusionele wyse hulle regte te beding. Op 28 April 1909 is die resolusies deur 'n massa vergadering van gekleurdes op Thaba Nchu bekragtig en aan die Goewerneur oorhandig vir deursending na die Koloniale Kantoor in Londen.⁷⁴

Goold-Adams het met die heelhartige ondersteuning van premier Abraham Fischer en sy kabinet, lord Crewe, die koloniale sekretaris, geadviseer om nie sonder meer aan die politieke eise van die gekleurdes te voldoen nie. Daar moes liewers aan die oorwegings van die blankes voorkeur verleen word. Hy het hom verder soos volg oor die aangeleentheid uitgelaat: "It is an undoubted fact that the far larger portion of the white residents of this Colony are at the present time keenly opposed to granting to the coloured races any political privileges."⁷⁵ Ook vir homself was dit op daardie stadium onmoontlik om die gekleurdes op gelyke voet met die blankes te plaas.⁷⁶ Lord Crewe se antwoord aan die Becoana Mutual Association was gevolglik dat Artikel 147 van die ontwerp-Suid-Afrikawet geen direkte politieke verteenwoordiging aan die gekleurdes in die Unieparlement verleen nie, maar wel gewysig is om groter beskerming aan gekleurde belange te verleen.⁷⁷

Die O.R.C. Native Association, die Becoana Mutual Association en die African Political Organisation het na afloop van die South African Native Convention besluit om 'n afvaardiging na Londen te stuur om die resolusies met die Britse regering te bespreek. Die afvaardiging het beplan om in Julie 1909 in Londen te arriveer, wanneer die ontwerp-Suid-Afrikawet in die Britse parlement ter tafel gelê word.⁷⁸ Die afvaardiging het onder andere bestaan uit: Dr. W B Rubusana (President van die O.R.C. Native Association), T M Mapikela (Sekretaris van die Uitvoerende Komitee van die O.R.C. Native Association), dr. A Abdurahman (leier van die African Political Organisation) en W P Schreiner ('n parlementslid van die Kaapkolonie).⁷⁹ Die grootste sukses wat die afvaardiging behaal het, was 'n belofte van lord Crewe dat die goewerneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika kragtens Artikel 35 van die Suid-Afrikawet verplig was om enige wetsontwerp rakende gekleurdes vir die goedkeuring van die koning te reserveer.⁸⁰

-
72. *Ibid.* Vgl. ook G. 113, lêernr. 461/6, A.K. Soga — Goewerneur, 27.3.1909, p. 147.
 73. *The Friend*, 25.3.1909.
 74. C.O. 908, lêernr. 826/14/1908—1910, Goold-Adams — Crew (Resolution Meeting Becoana Mutual Association), 7.6.1909, pp. 1—4; Fischer-versameling, Vrystaatse Argiefbewaarplek, A.59/10/17, Goold-Adams — Crew, 7.6.1909.
 75. *Ibid.*
 76. G. 20, lêernr. 35/16, Goold-Adams — Minister van Kolonies, 7.6.1909, p. 72.
 77. *Ibid.*, Crewe — Goewerneur, 1.9.1909, p. 90; C.O. 904, lêernr. 826/14/1908—1910, Koloniale Sekretaris — Goold-Adams, 1.9.1909.
 78. G. 113, lêernr. 461/16, Goold-Adams — Crewe, 21.6.1909, p. 163; *The Friend*, 23.7.1909; C.O. 908, lêernr. 826/16/1908—1910, C. le Camp — Koloniale Sekretaris, 15.6.1909.
 79. *Ibid.*; G. 113, lêernr. 461/16, Goold-Adams — Crewe, 21.6.1909, p. 163.
 80. D.J.P. Haasbroek, *Die Ontstaan van die Nie-Blanke Stemreg en die verskansing daarvan in die Suid-Afrikawet van 1909*, p. 98.

Terug in Suid-Afrika, het T M Mapikela die distrikte van die Oranjerivierkolonie deurreis om aan die gekleurdes die betekenis van die betrokke bepalings van die Suid-Afrikawet te verduidelik. Volgens Mapikela is al die vergaderings goed bygewoon en was die gekleurdes tevreden met die uitslag van die afvaardiging se besoek aan Londen. Hulle het begryp dat die oplossing van hulle vraagstukke aan die Unieparlement oorgelaat sou word en dat die regering alles in sy vermoë sou doen om hulle tegemoet te kom.⁸¹ Uit die reaksie van individuele gekleurdes het dit egter geblyk dat almal nie so gelukkig gevoel het as wat Mapikela, sowel as premier Fischer, voorgegee het nie. 'n Gekleurde korrespondent van Waaihoek het aan *The Friend* geskryf dat die gekleurdes die vermoë van die blankes om die gekleurde vraagstuk te hanteer, bevraagteken het op grond van die vooroordele van die blankes jeens die gekleurdes. Veral die weiering van die blankes om stemreg aan gekleurdes te verleen, het eersgenoemde se pleidooi om vertrou te word, 'n leë belofte gemaak.⁸²

In die ander drie Brits-Suid-Afrikaanse kolonies, Transvaal, Natal en die Kaapkolonie, het die verloop van die gekleurdes se aandrang op politieke verteenwoordiging merkwaardig oorengestem met dié van die Oranjerivierkolonie. Ten spyte van 'n aktiewe swart elite aan die spits van politieke organisasies soos onder andere die South African Native Congress en die Transkei Native Vigilance Association in die Kaapkolonie, die Natal Native Congress en die Transvaal Native Congress, elk gerugsteun deur 'n swart nuusblad as mondstuk, was hulle invloed op die verloop van die blanke politieke bestel net so onbeduidend as dié van hul eweknieë in die Oranjerivierkolonie.⁸³

Ten slotte dien daarop gelet te word dat 'n beleid ten opsigte van gekleurdes wat nie met die plaaslike standpunte van die blankes rekening gehou het nie, bestem was om in die lig van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, só 'n sterk reaksie uit te lok dat selfs die regverdige aansprake van die gekleurdes in die slag sou bly. Die jare na die Anglo-Boereoorlog tot met uniewording in 1910 het getoon dat die gekleurde vraagstuk vir die blankes in die noordelike kolonies nog nie praktiese politiek was nie. Dit was noodsaaklik en in die algemene belang van die gekleurdes dat die Britse regering sy nie-blanke beleid vir die noordelike kolonies met inagneming van die plaaslike sentimente moes formuleer — 'n feit wat skynbaar nie deur die gekleurdes ingesien is nie.

Die houding van die gekleurde leiers en waarnemers op die voorbeeld van unifikasie het verskillende gemoedstemminge verraai. Daar was pessimisme en wantroue oor die politieke toekoms van die gekleurdes, maar ook vasberadenheid om die stryd om politieke regte ná unifikasie voort te sit. Hulle was ooglopend nie tevreden met die politieke situasie soos dit deur die koloniale en Britse regering gehanteer is nie. Hulle aggressiewe houding soos uitgedruk deur die South African Native Convention, die groot ledetal van hulle organisasies en gereë尔de petisies aan die koloniale en Britse regering, het onteenseglik gespreek van 'n ontwakende nasionale gevoel wat in die toekoms nie geignoreer sou kon word nie.

81. C.O. 908, lêernr. 826/16/1908—1910, C. le Camp aan Koloniale Sekretaris, 29.11.1909.

82. *The Friend*, 10.8.1909 en 23.8.1909.

83. Vgl. A. Odendaal, *The development of African organisational politics in South Africa, with particular emphasis on the responses of Africans to the process of unification 1899—1910* (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Stellenbosch, 1980), hoofstuk 4—5, 8—9, pp. 255 en 467—471.